Hoërskool Tuine

Tel: (012) 3796181 / (012) 3790410
e - pos: admin@hstuine.co.za
www.hstuine.co.za

Posbus 48066
Hercules 0030
Pretoria
255 Bornmanstraat
Pretoria Tuine 0082

8 Januarie 2022

OMSENDSKRYWE NO 1 VAN 2022

Geagte Ouers/voogde

'n Spesiale woord van verwelkoming aan ieder en elk. Ons beste wense vergesel elke ouer en leerder vir die jaar en ons wens u voorspoed toe vir 2022. Ons hoop ook dat u 'n geseënde, vreugdevolle vakansie geniet het.
Ons is baie opgewonde oor 2022 en sien uit om weer die jaar te begin. Ons tema vir hierdie jaar is:

"Vlieg hoog, droom groot, bly standvastig."

Met ons tema in gedagte, wil ons graag beklemtoon dat ons elke leerder wil aanmoedig om absoluut hul volle potensiaal te bereik, om groot te droom en ons kan dit net bereik deur wedersydse kommunikasie reg deur die jaar en ten slotte om standvastig te bly deur mooi verhoudinge te bou met alle belanghebbendes.

GROEPE / COVID-19:
Ons het reeds toestemming ontvang **dat al die leerders op 12 Januarie kan terugkeer.** Dus is daar op die stadium geen groepe wat terugkeer nie, maar al die Gr. 8-12 leerders word op Woensdag terugverwag by die skool. Dit maak ons opgewonde, want vir die eerste keer in 'n baie lang ruk kan ons met 'n mate van normaliteit 'n jaar afskop. Dit is egter slegs 'n vergunning en ons doen 'n baie ernstige beroep op elke ouer en leerder om te verseker dat ons steeds alle COVID-19 protokolle navolg.

- As 'n leerder dus enige simptome toon, hetsy griep, verkoue of COVID-19, moet hul asb. by die huis bly tot hy/sy gesond is. U moet asb. die skool onmiddellik in kennis stel asook 'n mediese sertifikaat aan die skool deurgee via e-pos of persoonlik.
- Ons doen dus 'n beroep op die ouers om leerders nie onnodig tuis te hou nie. U is welkom om die skool te kontak indien u enige navrae het.
- Ons wil u verseker dat die skool alles in hul vermoë sal doen om leerders se veiligheid te verseker. Klasse sal daagliks gesaniteer word, sosiale afstand moet toegepas word en die dra van 'n masker is verpligtend.

VOORKOMS:
Ouers moet asb. verseker dat die leerders se voorkoms korrek is vanaf die eerste dag.

SKOOLTYE:
Die skooltye vir 2022 is as volg:

Maandae - Donderdae:	07:25 - 14:15
Vrydae:	07:25 - 13:15

SKOOLDRAG:
Die korrekte skooldrag is by die volgende verskaffers beskikbaar:

Overkruin Uitrusters: geleë 286 Braam Pretorius Straaat, Sinoville, Pretoria, 0182. Tel no.: (012) 567 2026.

Parktown Stores: geleë op die hoek van Paul Kruger- en Booysenstrate in Parktown. Tel no: (012) 335 2740/084 678 6421.

Die skooldrag vir Gr. 10-12 leerders is as volg:

Somersdrag van die dogters	**Somersdrag van die seuns**
1. Voorgeskrewe donkerbruin dameslangbroek [mag NIE AFGEWERK word nie].	1. Donkerbruin skoolskoene. Nie swart skoene nie.
2. Donkerbruin skoene met bandjies oor die voet, of 'n toerygskoen [GEEN TOMMIE TEKKIES of enige ander skoen].	2. Donkerbruin langkouse.
3. Beskuitjiebruin of wit katoensokkies [slegs EEN maal omgevou].	3. Donkerbruin kortbroek of donkerbruin langbroek.
4. Donkerbruin romp met SES bane – mag NIE afgewerk word nie. Die lengte van die skoolromp mag NIE korter as 8 [agt] sentimeter vanaf die grond wees as die dogter KNIEL nie.	4. Beskuitjiebruin of wit oopnekhemp.
5. Beskuitjiebruin ("Peter Pan" – kraag) of wit bloesie.	5. Donkerbruin oortrektrui ("pull over") met skoolkleure in die kraag (opsioneel).
6. Donkerbruin oortrektrui ("pull over") met skoolkleure in die kraag (opsioneel)	6. 'n Skooldas is verpligtend by die dra van 'n langmouhemp.
7. Indien 'n LANGMOUhemp gedra word, moet 'n DAS aangesit word.	7. 'n Skooldas is verpligtend by die dra van 'n skoolbaadjie.
8. Daar moet ten alle tye die korrekte skooldrag ONDER die sportbaadjie/trui gedra word.	8. Daar moet ten alle tye die korrekte skooldrag ONDER die sportbaadjie/trui gedra word.

Bogenoemde skoolreëls geld ook vir die Gr. 8 & 9-leerders. Al verskil is dat ons stelselmatig begin wegbeweeg van die Beskuitbruin skoolhemde. Die infasering van die verandering het dus met die Gr.8-leerders van 2021 begin. Gr. 10-12 leerders kan dus nog die Beskuitjiebruin skoolhemde dra en dit is nie verpligtend vir hulle om wit skoolhemde aan te skaf nie.

SKOOLGELDE:
Ouers moet asb. kennis neem dat die betaling van skoolgelde vir 2022 vanaf Januarie tot November is. (Skoolgelde betaalbaar vir die jaar). Sien onderstaande opsies wat u kan kies.

Skoolgeld -R19 250.00 per leerder per jaar.

OPSIE 1:
INDIEN BETAAL VOOR 28 FEBRUARIE 2022: R17 500 (KORTING VAN R1750)

OPSIE 2:
INDIEN BETAAL VOOR 30 JUNIE 2022: R18 375 (KORTING VAN R875)

OPSIE 3:
DEBIETORDER, 10 MAANDE BETALINGS, LAASTE MAAND KORTING (R1 750) INDIEN ELKE MAAND BETAAL IS.

OPSIE 4:
11 GELYKE PAAIEMENTE VAN R1 750 PER MAAND VANAF 1 JANUARIE TOT 1 NOVEMBER.

Betalingsmetodes:

a) Debietorders:
Die nodige aansoekvorm is in die kantoor beskikbaar. U mag u betaaldatum kies (bv. 1ste of 15de van die maand, indien u datum na die 15de kies moet die 1ste paaiement reeds betaal wees). Debietorder word na 2 nie-betalings gestop.

b) Internetbetalings, Direkte betalings by die bank of Kaartlose deposito's by ABSA ATM:
In al die bogenoemde gevalle, gebruik u kind se leerderkode, van en graad. (bv. 18331 Theron Gr 8). Indien u vir twee leerders betaal, gebruik die 2 leerderkodes bv. (18331 en 20/263). Die bedrag sal dan tussen die twee rekeninge verdeel word.
Dit is belangrik om die regte verwysing te gebruik sodat geld na die regte rekening geallokeer kan word.

c) Kontantbetalings en kaartbetalings:
Leerders of ouers kan kontant- of kaartbetaling by die finansiële kantoor betaal.
- Tye vir betalings is Maandag tot Donderdag voor skool (kontant, 06:30 – 07:30 en kaart 07:00 – 07:30), gedurende pouse, na skool tot 14:30.
- Vrydag slegs oggende en pouse.

Bankbesonderhede
Hoërskool Tuine | ABSA | Takkode: 632005 | Rekeningnommer: 80850042
Verwysing: Leerderkode en van asook graad.

Vrystellings:
Daar sal geleentheid wees om aansoek te doen vir vrystelling of korting op die skoolgelde by Mev Ria Mentz by die finansiële kantoor. Dit begin op 7 Februarie 2022. Alle vorms moet deur ouers self by die skool uit- en ingeteken word. GEEN AANSOEK SAL AAN LEERDERS GEGEE WORD NIE.

Navrae: E-pos: finansies@hstuine.co.za

PROGRAM VIR DIE KWARTAAL:
Die volgende datums word aan u deurgegee:

12 Januarie 2022	Skool begin vir Gr. 8-12
7 Februarie	Prysuitdeling - Gr. 9-12 & Credofunksie.
10 Februarie	Groentjiekonsert
22 Februarie	Interhoër atletiek

Baie sterkte vir ouers, personeel en leerders vir hierdie jaar wat voorlê.

Tuine-groete

Mnr. J. Furstenberg
Hoof

ons skool ons waardes ons toekoms